

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*  
***Yeshua is die hart van die Vader!***

## Parashah 42: Mattot – Stamme

*Moshe het met die hoofde van die stamme van die kinders van Yisra'el gepraat en gesê:  
“Hierdie is dit wat יהיה beveil het”. Num. 30:1 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah :** Num. 30:1 tot 32:42

**Haftorah:** Jer. 1:1 tot 2:3

**Nuwe Verbond:** Matt. 5:33 tot 37; Hand. 5:1 tot 11; Gal. 5:19 tot 23; Kol. 3:5 tot 8.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 42 wat afgelaai kan word by: [Parashah42notas14](#) en [Parashah42Notas15](#).

## Parashah 43: Masei – Reistogte

*Dit is die reise van die seuns van Yisra'el wat uit Mitzrayim uitgetrek het volgens hulle leërafdelings, onder die leierskap van Moshe en Aharon. Num. 23:1*

**Torah:** Num. 33:1 tot 36:13.

**Haftorah:** Jeremia 2:4 tot 28 and 3:4.

**Nuwe Verbond:** Hebr. 11:13; 1 Peter 2:11; Rom. 8:13; Rom. 13:14; 2 Kor. 5:20; 2 Kor. 7:1; Gal. 5:16 en 17; Efes. 4:1; 2 Tim. 2:22; 1 Pet. 1:7; 1 Pet. 4:2; 1 Joh. 2:15 tot 17; Jak 4:1 tot 12; 2 Kor. 10:3 tot 6; Efes. 6:10 tot 18; Luk. 22:30; Open. 21:12.

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 43 wat afgelaai kan word by: [Parashah43Notas14](#) en [Parashah43Notas16](#).

### ***What Do You Believe?***

*I asked this question: 'why is it so easy for people to believe in lies?' Why? Because lies appeal to the carnal and fleshy mind. Truth must be received in the spirit of a person for it to become reality to a person. If truth is continually seen as the enemy, it will never be embraced by people. Lies are easily believed because they creep in slowly, and before a person knows it, they are believing in something they would have otherwise immediately rejected if it had come right up to them and introduced itself saying, "My name is Lie."*

*Truth is rejected often times by people, because it does not conform to what they have always been taught. Truth DOES make itself known upfront saying, "My name is Truth!" It doesn't care if it is received or not because it cannot be anything other than what it is. Truth wears no mask or disguise. Truth parallels the light. Light cannot creep in slowly, as hiding under a cloak. Light is either on or off; opposed or accepted; ran from or received. This is the nature of truth. And as Messiah referenced, "do not hide it under a barrel, but place it on a table so that all who enter the house can enjoy its light – The Well Trodden Road.*

*If Christians were not such cowards, and absolutely disobedient to this plain command of God... one thing would certainly come of it – either they would be murdered in the streets as martyrs, because men could not bear the intolerable presence of truth, or they would be speedily converted to God – Charles Finney.*

*The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation!*

*When you forgive, you in no way change the past, but you sure do change the future – Bernard Meltzer.*

## **Torah Bespreking**

### **Waar Is Die Joshua Generasie?**

In die voorlaaste parashah van Numeri is die Josua-generasie op die punt om oor die Jordaan te trek en die Beloofde Land, Kanaän, in besit te neem. Hierdie is geen maklike taak nie, want Kanaän word bewoon deur ses heidense volke wat oorwin sal moet word (Ex. 34:11 tot 16) en verder sal Israel getoets (beproof) word om te sien of hulle uit die foute van hulle ouers geleer het. Het hulle van die slawementaliteit ontslae geraak? Is Egipte uit hulle uit? Het hulle geleer om YHVH in alles gehoorsaam te wees en in alles te vertrou? Is hulle gereed om die belofte wat YHVH aan hulle vader Abraham gemaak het (Gen. 15:7 en 18 tot 21) in besit te neem?

Ons moet onthou dat YHVH Israel opdrag gegee het om Kanaän in besit te gaan neem.

*<sup>24</sup>Ek het vir julle gesê: 'Julle sal hulle land bewoon en Ek sal dit aan julle as besitting gee, 'n land wat vloei van melk en heuning. Ek is יהוה, julle God, wat julle van die volke afgesonder het; <sup>25</sup>daarom moet julle 'n onderskeid tref tussen die rein en onrein diere en tussen die onrein en rein voëls; moenie julle lewens verwerplik maak deur diere of deur voëls of deur enige iets wat op die aarde beweeg, wat Ek van julle afgesonder het deur dit onrein te*

*verklaar, nie. <sup>26</sup>Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees. Lev. 20:24 tot 26.*

*Maar My dienskneg Kalev omdat hy 'n ander Gees in hom het en hy My ten volle gevolg het, hom sal Ek bring in die land waarin hy gegaan het en sy nageslag sal dit in besit neem. Num. 14:24.*

Om Kanaän in besit te neem vereis 'n daadwerklike optrede deur Israel. Die feit dat YHVH belowe dat Hy Kanaän as besitting aan hulle sal gee beteken nie dat Israel op hulle louere kan rus en wag dat alles vanself sal gebeur nie. Nee, dit beteken dat daar 'n vyand is wat oorwin moet word en dat YHVH se Koninkryk in die Beloofde Land gevestig moet word!

In vele opsigte kan ons met die Josua-generasie identifiseer, want ons moet ook die 'Beloofde Land', naamlik daar waar ons woon en werk, in besit neem en YHVH se Koninkryk daar vestig. Dit is die opdrag van Yeshua ons Messias in Matt. 28:18 tot 20:

*<sup>18</sup>Yeshua het nadergekom en met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. <sup>19</sup>Gaan daarvolgens, maak studentevolginge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering <sup>20</sup>en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heeal. Dit is waar.”*

Soos Moses twaalf stamhoofde met die nodige uitvoerende gesag aangestel het; so het Yeshua twaalf dissipels met die nodige uitvoerende gesag aangestel. Beide die stamhoofde en die dissipels se opdrag was dieselfde, naamlik: Neem die grondgebied wat aan die vyand behoort in besit en vestig YHVH se Koninkryk!

Die waarskuwing aan beide groepe is ook dieselfde, naamlik moenie geestelik hoereer nie!!

*<sup>11</sup>Wees seker om te gehoorsaam wat Ek jou op dié dag beveel. Let op, Ek gaan die Emoriete, Kena'aniete, Hittiete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete voor jou uit verdryf. <sup>12</sup>Pas jouself op dat jy geen verbond sluit met die inwoners van die land waarheen jy gaan nie sodat dit nie miskien 'n strik tussen julle word nie, <sup>13</sup>maar jy moet hulle altare vernietig, hulle afgesonderde pilare afbreek en hulle pale afkap, <sup>14</sup>want jy mag jou nie neerbuig voor enige ander god nie, want יהוה se Karakter en Outoriteit is jaloers; 'n jaloerse Magtige God is Hy, <sup>15</sup>anders sal julle 'n verbond sluit met die inwoners van die land en agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer en iemand sal jou uitnooi en jy sal van sy offers eet <sup>16</sup>en jy sal van sy dogters vat vir jou seuns en sy dogters sal agter hulle gode aan hoereer en jou seuns agter hulle gode aan laat hoereer. <sup>17</sup>Jy mag vir jou geen gegote gode maak nie. Ex. 34:11 tot 17.*

Die Joshua-generasie het aanvanklik gehoor gegee aan YHVH se opdrag. Hulle het Kanaän in besit geneem en YHVH se Torah-koninkryk daar gevestig. Latere generasies het egter afgewyk van Torah-gehoorsaamheid en ook ander gode begin dien.

Presies dieselfde het sowat 1400 jaar later gebeur. Die gemeente van Handeling 1 het onder die leiding van die apostels YHVH se Koninkryk van vergifnis van sonde in Yeshua Messias verkondig en die herstel van Torah-gehoorsaamheid in gemeentes gevestig. Aanvanklik het hulle die grondgebied van die valse leringe van die Fariseërs en Saduseërs in die Naam van Yeshua in besit geneem. Die apostels *het uitgegaan en in elke plek verkondig en ons Meester*

*het hulle gehelp en die boodskap bevestig deur die tekens wat hulle gedoen het (Mark. 16:20).*

Maar soos Israel van ouds het die nageslagte van Israel van die nuwe verbond ook geestelik begin hoereer tot die mate dat hulle YHVH se Torah verwerp.

Die Joshua-generasie het verdwyn! Waar is die generasie wat bereid is om YHVH se Torah-koninkryk te vestig deur die vyand se grondgebied in besit te neem? Waar is die bereidwilligheid om selfs die poorte van die hel te bestorm indien dit van ons gevra word?

Selfs ons wat teruggekeer het tot Torah-gehoorsaamheid in Yeshua moet herinner word dat ons in 'n oorlog betrokke is. Soos Paulus dit duidelik stel:

*<sup>10</sup>Wees daarom, my broers, versterk in ons Meester en in die grootheid van Sy krag. <sup>11</sup>Trek al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat is om staande te kan bly teen die strategieë van die teëstander, <sup>12</sup>want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bese geeste onder die hemel. Efes. 6:10 tot 12.*

Ons behaal nie die oorwinning vanuit ons gemakstoele nie! Trek die wapenrusting (Ef. 6:10 tot 20 – die priesterlike uitrusting van die Melgisédekorde aan) en gaan na die oorlogsfront. YHVH Yeshua sal jou aanvoerder wees!

Gedurende ons geloofsreis gaan ons ook soos Israel van ouds by 'n 'plek' aankom waar ons beproef gaan word. Elke plek moet egter net die aanvangsplek wees vir ons verdere reis na die Beloofde Land. By elke plek wat ons aandoen moet ons onthou:

*The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation!*

Maar dan is dit ook ewe belangrik om te besef dat *we cannot live on yesterday's glory!* Nee, want:

*The thought of what has already been accomplished can be the death of that which is still to be accomplished!*

Soos Israel nie staties op een plek kon bly nie, maar voortdurende gereed moes wees om saam met die wolk van heerlijkheid aan te beweeg, so kan ons nooit bekostig om in ons geloofslewe tevrede te wees met waar ons is nie. Ons passie (ywer) om YHVH Yeshua voortdurend te soek en te volg mag nooit verflou nie. Verwysend na ons vorige parashah moet ons elke dag lewe met die Geesgedrewe ywer van Pingas!!

Op ons aardse reis moet ons egter altyd onthou dat ons vreemdelinge en bywoners is (Heb. 11:13; 1 Pet. 2:11). Ons tree op as gesante van Yeshua Messias (2 Kor. 5:20) en daarom moet ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig en heiligmaking (afsondering) in die vrees van God volbring (2 Kor. 7:1).

Op ons geloofsreis moet ons ook deur die 'wolk' van die Afgesonderde Gees gelei word (Rom. 8:1 en 4; Gal. 5:16 en 17; Efes. 4:1 tot 3).

Laat ons elkeen se getuienis ook die volgende wees:

*Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertrouwe behou. 2 Tim. 4:7.*

<sup>1</sup>As gevolg hiervan, laat ook ons, wat so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, elke las en die sonde wat altyd gereed is vir ons, afgooi en met aanhoudende geduld die resies hardloop wat voor ons lê <sup>2</sup>en laat ons die oë hou op Yeshua, die Ontwerper en Voltooier van ons vertroue, wat ter wille van die vreugde, die kruis verdra het, die skande ignoreer het en sit op die regterkant van die troon van God. Heb. 12:1 en 2.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Is een van ons grootste probleme nie juis die feit dat ons vermaak en gemaksug kies eerder as om Yeshua se opdrag in Matt. 28:18 tot 20 uit te voer? A.W. Tozer beskryf hierdie probleem soos volg:

### ***THE ANATHEMA of ENTERTAINMENT***

*In our day we must be dramatic about everything. We don't want God to work unless He can make a theatrical production of it. We want Him to come dressed in costumes with a beard and with a staff. We want Him to play a part according to our ideas. Some of us even demand that He provide a colourful setting and fireworks as well!*

*Then there are some among us these days who have to depend upon truckloads of gadgets to get their religion going, and I am tempted to ask: What will they do when they don't have the help of the trappings and gadgets? The truck can't come along where they are going!*

*For there are millions who cannot live without amusement; life without some form of entertainment for them is simply intolerable; they look forward to the blessed relief afforded by professional entertainers and other forms of psychological narcotics as a dope addict looks to his daily shot of heroin. Without them they could not summon courage to face existence.*

*We now demand glamour and fast flowing dramatic action. A generation of Christians reared among push buttons and automatic-machines are impatient of slower and less direct methods of reaching their goals. We have been trying to apply machine-age methods to our relations with God. We read our chapter, have our short devotions and rush away, hoping to make up for our deep inward bankruptcy by attending another gospel meeting or listening to another thrilling story told by a religious adventurer lately returned from afar.*

*The tragic results of this spirit are all about us: shallow loves, hollow religious philosophies, the preponderance of the element of fun in gospel meetings, the glorification of men, trust in religious externalities, quasi-religious fellowships, salesmanship methods, the mistaking of dynamic personality for the power of the Spirit. These, and such as these, are the symptoms of an evil disease, a deep and serious malady of the soul.*

Is ons nie ook hieraan skuldig nie? Onthou Yeshua se opdrag is *gaan dan heen....!* Die opdrag behels veel meer as om by die huis te sit en Torah te bestudeer en een keer per week 'n Torah studiegroep of Shabbatbyeenkoms by te woon!

2. Die volgende kort video van Paul Washer is die moeite werd om te kyk en om perspektief te kry oor wat ons roeping vereis. [www.youtube.com/watch?v=Cln0CI\\_-a7M](http://www.youtube.com/watch?v=Cln0CI_-a7M)

## YHVH Deleger Sy Gesag

Regdeur die Skrifte sien ons talle voorbeelde van YHVH wat Sy gesag aan mense deleger en hulle dan aanspreeklik hou vir die hantering en toepassing van daardie gesag. Gedelegerde gesag is om die volmag te ontvang om namens die persoon aan wie die gesag behoort, op te tree ten opsigte van, of in 'n bepaalde situasie. Gedelegerde gesag bring altyd verantwoordelikheid en aanspreeklikheid teenoor die een aan wie die gesag behoort.

YHVH se gedelegerde gesag moet altyd binne die raamwerk (grense) van Torah hanteer en toegepas word. Die een aan wie YHVH die gesag gee moet uiteraard self onderdanig wees aan YHVH se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua volbring is.

Die eerste voorbeeld van YHVH se gedelegerde gesag vind ons in die tuin van Eden toe YHVH aan die mens die gesag gegee het om te heers oor Sy skepping:

*God het gesê: “Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg.” Gen. 1:26.*

Ons sien ook hierdie gedelegerde gesag in Gen. 2:15 toe YHVH aan die mens gesê het om die tuin te bewerk en te bewaak.

*Toe het יהוה-God, die mens gevat en hom in die tuin van `Eden gesit om dit om te spit en te beskerm. Gen. 2:15.*

YHVH het aan die mens die gesag gegee om namens Hom om te sien na Sy skepping deur dit eerstens *om te spit (te bewerk)*. Die Hebreeuse woord is *abad* en beteken om as dienskneg te arbeid. En, tweedens, om YHVH se skepping te *beskerm (te bewaak; Hebreeus sh'mar)*, naamlik om dit te beskerm en behoue te laat bly.

Die Hebreeus vir *heers* in Gen. 1:26 is *radah* en beteken om YHVH se Skepping tot onderdanigheid (diensbaarheid) aan YHVH te bring. Die klem is egter op diensbaarheid. Dit moet gesien word in die lig daarvan dat alles wat YHVH geskape het 'n doel dien. Die mens moet dus op 'n wyse heers sodat die doel van alles wat YHVH geskape het tot nut van alles wat geskape is sal wees en sonder dat dit wat YHVH geskape het tot niet sal gaan. Opgesom: Aan die mens is die gesag gegee om die Skepping te bewerk en dit te bewaar!!

YHVH-God het hierdie gedelegerde gesag nooit teruggetrek nie en daarom sal die mensdom tot die oordeelsdag aanspreeklik gehou word vir die wyse wat hierdie gesag gebruik is – of eerder misbruik is!

Die sondeval was die begin dat die mens op die *bewerk* die klem gelê het en met tyd nie meer tot voordeel van almal nie, maar vir eie gewin! Daarom het die *bewaar* toenemend agterweë gebly! Gevolglik is die wêreld vandag in die situasie waar natuurlike hulpbronne toenemend uitgeput word en sommige reeds feitlik totaal uitgeput is. Die mensdom is grootliks op 'n pad van selfvernietiging! Die rede? Die mensdom het die aarde bewerk, maar nie bewaar nie!

Dit is ook belangrik om te verstaan dat die mens nie aangestel is om oor ander mense te heers (*radah*) nie. Nee, want YHVH Yeshua is ewige koning en Hy alleen heers oor alle mense. Diegene wat YHVH wel oor ander aangestel het, moet heers deur dié te dien oor wie hulle aangestel is!! Yeshua is ons voorbeeld:

*25*Yeshua het hulle geroep en vir hulle gesê: “Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle, *26*maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees *27*en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees; *28*net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as ‘n Losprys vir baie te gee.”  
Matt. 20:25 tot 28.

Dit bring ons dan by die naam van hierdie week se Torahskriflesing, naamlik *mattot*, en wat verwys na die hoofde van die twaalf stamme as die gesagsowerhede wat oor Israel aangestel is volgens YHVH se gesagstruktuur. Daarom is die betekenis van *mattot* ook ‘n *staf*, verwysend na gesag (outoriteit), asook as ‘n *tugroede* of *meetroede*. Moses het dus met die aangestelde gesagsowerhede van Israel gepraat en aan hulle die laaste onderrig gegee voor Israel die Beloofde Land in besit sou neem.

*Authority does not make you a leader. It gives you the opportunity to be one..!*

YHVH is die Oppergesag – die Wetgewer wat alle natuurwette en geestelike wette geskep het en wat dit alles in stand hou deur die Boodskap van Sy wonderwerkende krag (Heb. 1:3). YHVH deleger Sy gesag aan diegene wat bereid is om onder Sy gesag te staan. Maar ons moet ook beseft dat YHVH sekere gesagstrukture geskep het waarin die mens ‘outomaties’ aangestel word.

Een so ‘n voorbeeld is die feit dat YHVH sy gesag aan die man as die hoof van die huis gedelegeer het. Die man moet dus as die hoof van die huis namens YHVH heers op ‘n wyse wat tot almal se voordeel sal strek. Dit is nie ‘n geval van ‘n keuse deur die man en vader nie! Nee, volgens YHVH se gesagstruktuur is die man die hoof van sy huis en sal hy daarvoor aanspreeklik gehou word.

Die man moet op dieselfde wyse oor sy huis heers as wat Yeshua oor die gemeente heers, naamlik deur sy vrou en kinders te dien en sy lewe vir hulle af te lê! Paulus verduidelik YHVH se gesagstruktuur in gesinsverband soos volg in Efes. 5:22 tot 31:

*22*Vroue, wees aan julle eie mans gehoorsaam, net soos aan ons Meester, *23*want die man is die hoof van die vrou, net soos Die Gesalfde Een ook Hoof is van die gemeente en Hy is die Redder van die liggaam, *24*maar soos die gemeente aan Die Gesalfde Een gehoorsaam is, op dieselfde manier moet die vrou ook, in alles, aan hul eie mans wees. *25*Mans julle moet julle eie vrou liefhê, net soos Die Gesalfde Een ook die gemeente liefgehad en Homself om haar ontwil oorgegee het, *26*om dit af te sonder en te reinig in die wassing met water (Mikveh) en in die Woord *27*en Hy sal die gemeente vir Hom bevestig, wanneer dit vol lof en eer, sonder vlek of kreukel of enige iets soortgelyks is, maar dit moet afgesonderd en sonder fout wees. *28*Op dié manier moet mans hulle eie vroue liefhê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief, *29*want niemand het ooit sy eie liggaam gehaat nie, maar hy voed en sorg vir sy eie, net soos die Meester vir die gemeente, *30*want ons is ledemate van Sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene. *31*“Die man moet daarom sy vader en sy moeder verlaat en hom aan sy vrou verbind en hulle twee sal een liggaam wees.”

In die lig van bogenoemde kan ons Num. 30:1 tot 16 verstaan, naamlik die onderrig en instruksies oor geloftes en eedswering wat deur vroue gemaak word.

Eerstens leer Torah ons dat ‘n persoon (almal) wat ‘n gelofte doen of ‘n eed sweer wetlik en moreel verplig is om daarvolgens te handel.

*Wanneer iemand aan יהוה 'n gelofte doen of 'n eed sweer waardeur hy homself tot iets verbind, moet hy sy woord nie breek nie; hy moet alles doen wat uit sy mond uitgaan. Num. 30:2.*

Dit is egter belangrik om die verskil tussen 'n gelofte en 'n eedswering te verstaan, naamlik:

- ❖ 'n Gelofte (Hebreeus: *nader*) is 'n vrywillige belofte (gewoonlik aan YHWH) waarvolgens nougeset gehandel moet word, want dit is bindend en vergelykbaar met 'n skuldbrief ('n verpligting, 'n verband, 'n obligasie, 'n pandbrief).
- ❖ 'n Eedswering (Hebreeus: *shavah*) is 'n gelofte (belofte) wat gemaak word in die teenwoordigheid van die hoogste gesag wat as getuie teenwoordig is. Dit is 'n verklaring van die waarheid, naamlik van dit wat was, dit wat is en van dit wat sal wees. Die Hebreeus *shavah* is afgelei van *shevah* wat sewe beteken en dus na die volmaakte verwys. Eedswering is dus gelykstaande aan 'n gelofte wat jy sewe keer maak!!

Geloftes en eedsweringe is dus woorde wat uit ons mond gaan en daarom moet ons alles doen wat ons sê. Deut. 23:21 tot 23 dien as bevestiging van Num. 30:2, naamlik:

*21*Wanneer jy aan יהוה, jou God, 'n gelofte doen, moet jy nie uitstel om dit te betaal nie, want dit sal sonde in jou wees en יהוה, jou God, sal dit sekerlik van jou vereis; *22*daarenteen, as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie. *23*Jy moet versigtig wees om te doen wat oor jou lippe gaan, net soos jy aan יהוה, jou God, vrywillig oorgegee het, wat jy beloof het.

Tydens Yeshua se bergpredikasie het Hy ook na geloftes en eedsweringe verwys toe Hy gesê het:

*33*Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: 'Jy moenie jou eed verbreek nie,' en, 'jy moet jou beloftes aan יהוה hou,' *34*maar Ek sê vir julle: 'Lê hoegenaamd nie 'n eed af "by die hemel" nie omdat dit die troon van God is; *35*ook nie "by die aarde" nie omdat dit Sy voetstoel is; ook nie "by Yerushalayim" nie omdat dit die stad van die groot Koning is *36*en moet ook nie by jou kop 'n eed aflê nie omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. *37*Laat slegs julle 'Ja' 'n eenvoudige 'Ja' wees en julle 'Nee' eenvoudig 'Nee'.  
*Enige iets meer as dit het sy oorsprong in die Bose een.* 'Matt. 5:33 tot 37.

Elke mens is gebind deur die woorde van sy mond! Dit is die wysheid van Salomo toe hy ook gesê het:

*19*Die bose kan nie bevry word deur 'n oorvloed van woorde nie, maar hy wat sy lippe inhou, is wys. *20*Die tong van die regverdige is soos uitgesoekte silwer; die verstand, wil en emosie van die bose is vol bitterheid. *21*Die lippe van die regverdige is vol onverdiende guns, maar die dwase sterf deur die gebrek aan wysheid. Spr. 10:19 tot 21.

*20*'n Man se maag sal versadig word deur die vrug van sy mond en deur die vrug van sy lippe sal hy vol gemaak word. *21*Dood en lewe is in die mag van die tong en hulle wat dit liefhet, sal die vrug daarvan eet. Spr. 18:20 en 21.

Elke mens sal die gevolge dra van sy woorde, want dood en lewe is in die mag van die tong. Aansluitend hierby het Yeshua ook gesê:



*36*want Ek sê vir julle dat van elke waardelose woord wat mense praat, sal hulle 'n antwoord moet gee in die oordeelsdag, *37*want deur jou woorde sal jy onskuldig beskou word en deur jou woorde sal jy skuldig bevind word." Matt. 12:36 en 37.

### **Die hoof van die huis**

YHVH ons Vader en God is die hoof van Sy huis en huishouding. Wanneer ons gehoorsame kinders van YHVH is, sal ons ook soos Dawid kan sê:

*U goedheid en onverdiende guns sal my sekerlik volg al die dae van my lewe en ek sal vir ewig in die huis van יהוה bly. Ps.23:6.*

In die verhouding wat deur die huwelik tot stand kom, het beide man en vrou 'n spesifieke rol om te speel en 'n bydrae om te lewer volgens YHVH se plan. Die fondament waarop hierdie rolverdeling gebou word, is egter die feit dat YHVH die man as die hoof van die vrou aangestel het en dat die vrou derhalwe aan haar man onderdanig moet wees.

Dit is YHVH se gesagsorde en YHVH se gedelegeerde gesag aan die man is nie op verdienste gegrond nie! Alvorens 'n man in die huwelik tree moet hy derhalwe seker wees dat hy verstaan wat hierdie verantwoordelikheid behels en dat hy bereid is om dit te aanvaar. Soos reeds verduidelik hou YHVH die man aanspreeklik ongeag of die man YHVH as God en Yeshua as Messias erken of nie.

Deel van YHVH se gedelegeerde gesag wat aan die man as hoof van sy huis gegee is, is die vetoreg (kanselleringsreg) oor 'n gelofte of eedswering of dit wat onverskillig uitgespreek is deur sy vrou of dogter.

Volgens Num. 30:3 tot 5 het die vader die gesag om sy ongetroude dogter se gelofte en eedswering tot niet te verklaar, maar hy moet dit doen op die dag wat hy daarvan hoor.

*3*Wanneer 'n vrou aan יהוה 'n gelofte gedoen het of haarself tot iets verbind het terwyl sy jonk was in haar vader se huis en haar vader van haar gelofte hoor of van die verbintenisse waartoe sy haarself verbind het *4*en haar vader oor haar stilgebly het, dan sal al haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan, *5*maar as haar vader haar verbied op die dag dat hy daarvan hoor, sal geen van haar geloftes en verbintenisse waartoe sy haarself verbind het, staan nie en יהוה sal haar vergewe omdat haar vader haar verbied het. Num. 30:3 tot 5.

Indien hy dit nie doen nie, sal die dogter se geloftes en eedsweringe van krag bly en sal sy dus aanspreeklik gehou word.

Volgens Num. 30:6 tot 14 geld dieselfde ten opsigte van die getroude vrou:

*12*As haar man die dinge uitdruklik verbreek op die dag dat hy daarvan hoor, sal niks van alles wat oor haar lippe uitgegaan het, van haar geloftes of van dit waartoe sy haarself verbind het, staan nie; haar man het dit verbreek en יהוה sal haar dit vergewe. *13*Elke gelofte, elke eed en elke verbintenis om haarself te verneder; haar man sal dit laat vasstaan, of haar man kan dit vernietig. Num. 30:12 en 13

Sou die man egter op 'n later stadium van mening verander en sy kanselleringsreg dan gebruik, is dit te laat en sal hy aanspreeklik gehou word vir sy vrou en dogter se skuld van geloftes en eedswerings wat nie nagekom is nie!

*As haar man van dag tot dag heeltemal stilbly teenoor haar, dan het hy al haar geloftes en alles waartoe sy haarself verbind het, bevestig; hy het dit bevestig, want hy het stilgebly teenoor haar op die dag dat hy daarvan gehoor het. As hy dit duidelik tot niet maak nadat hy daarvan gehoor het, dan dra hy haar skuld.’” Num. 30:15.*

Hierdie gedelegeerde gesag het YHVH aan die eggenoot en vader gegee om sy vrou en dogter te beskerm teen onverskillige geloftes en eedsweringe!

Ons moet verstaan dat YHVH sal altyd Sy gedelegeerde gesag eerbiedig. YHVH se gedelegeerde gesag kan nie omseil word nie. Daarom moet die vrou aan haar man en die dogter (terwyl sy in haar ouers huis bly) aan haar vader onderdanig wees, want hy is YHVH se aangestelde gesag.

Hierdie is ook bevestiging van die orde wat Vader-God in ‘n huishouding vereis. Die man (vader) is aangestel as hoof van die huishouding en moet te alle tye volgens Torah-beginsels sy huishouding namens Vader-God versorg, naamlik onderrig, voorsien en beskerm. Hy is dienskneg van YHVH wat die gesag ontvang het om te heers oor sy huis deur hulle te dien!

Paulus het gedelegeerde gesag verstaan en daarom het hy in sy brief aan die Romeine geskryf:

*<sup>1</sup>Elke gees moet aan die hoër outoriteite gehoorsaam wees, want daar is geen outoriteit as dit nie vanaf God is nie en daardie selfde outoriteit, wat van God is, is onder bevel. <sup>2</sup>Wie ook al teenoor die outoriteite staan, staan daarom teenoor die opdragte van God en die wat dit teëstaan, sal hulle oordeel ontvang, <sup>3</sup>want die regters hou geen vrees in vir hulle wat goed doen nie, maar vir die bose. As jy nie bang wil wees vir die outoriteit nie, doen wat goed is en jy sal lof van hom af ontvang, <sup>4</sup>want hy is die uitvoerder van God vir jou ten goede, maar as jy doen wat boos is, wees dan bang, want hy dra nie verniet die swaard nie, want hy is ‘n uitvoerder van God, ‘n vergelder van die woede, om die een wat boosheid doen, te straf. <sup>5</sup>As gevolg hiervan is dit noodsaaklik vir ons om gehoorsaam te wees, nie alleen ter wille van die wraak nie, maar ter wille van die gewete, <sup>6</sup>want daarom betaal julle ook belasting, want hulle is uitvoerders van God wat vir hierdie dinge aangestel is. <sup>7</sup>Beloon daarom elke persoon soos wat aan hom verskuldig is: belasting aan die waaraan belasting verskuldig is, invoerbelasting aan die waaraan invoerbelasting verskuldig is; respek aan dié wat respek toekom, eer aan dié wat eer toekom. Rom. 13:1 tot 7.*

YHVH se onderrig oor geloftes en eedswering gee vir ons ook insae in die hoedanighede van Vader-God. Indien YHVH ons opdrag gee om te handel volgens ons geloftes en eedswerings, dan beteken dit dat Hy ook getrou sal wees aan al Sy Woorde. Dit wat YHVH gespreek het staan vir ewig vas en hy is wakker oor Sy Woord om dit te volbring (Jer. 1:12). YHVH is nie ‘n mens dat Hy sal lieg nie (Num. 23:19) – dit wat Hy spreek sal Hy waar maak!! By die Vader van Lig is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17).

‘n Gelofte en ‘n eedswering is vir ewig van krag. Daarom sê dit in Num. 30:2 dat ons nie ons woord mag breek nie, maar moet handel volgens die woorde wat uit ons mond uitgaan. Die geloftes en eedswering van ons ouers en grootouers is dus ook ewig van krag en ons as nageslag word gebind deur enige geloftes en eedsweringe van ons voorouers wat nie nagekom was nie.

### **Voorbeeld uit die Skrifte**

In Rigters 11:30 tot 40 lees ons van die gelofte wat Jefta (Yiftag) gemaak het voordat hy in 'n oorlog met die Ammoniete betrokke geraak het:

*30Yiftag het 'n gelofte aan יהוה gedoen en gesê: "As U waarlik die seuns van `Ammon in my hand gee, 31dan sal dit wees dat wat ook al uitkom uit die deure van my huis om my te ontmoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van `Ammon, aan יהוה sal behoort en ek sal dit as 'n brandoffer offer."* Rigters 11:30 en 31.

YHVH het die Ammoniete in die hand van Jefta gegee en hy het hulle verslaan. Maar dan lees ons:

*34Toe Yiftag in Mitzpah by sy huis kom, let op, het sy dogter uitgekom om hom te ontmoet met tamboeryn en dans. Sy was sy absoluut enigste kind; behalwe vir haar het hy geen seun of dogter gehad nie. 35Toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: "Ag, my dogter! Jy laat my baie laag neerbuig en jy is tussen hulle wat vir my moeilikheid bring, want ek het my woord aan יהוה gegee en ek kan dit nie terugtrek nie."* Rigters 11:34 en 35.

Dat 'n gelofte en eedswering bindend is, is duidelik volgens die woorde van Jefta aan sy dogter: *Jy laat my baie laag neerbuig en jy is tussen hulle wat vir my moeilikheid bring, want ek het my woord aan יהוה gegee en ek kan dit nie terugtrek nie.* Maar dit is ook duidelik volgens die woorde van sy dogter aan hom toe sy gesê het:

*"My vader, u het u woord aan יהוה gegee; doen aan my soos u gesê het, aangesien יהוה u gewreek het op u vyande, die seuns van `Ammon."* Rigters 11:36

## Wedergeboorte

Wedergeboorte is ook 'n gelofte en eedswering wat ons elkeen gemaak het.

*9As jy met jou mond ons Meester, Yeshua, verklaar en met jou verstand, wil en emosie vertrou dat God Hom uit die dood uit opgewek het, sal jy lewe hê, 10want die verstand, wil en emosie wat in Hom vertrou, is onskuldig verklaar en die mond wat Hom bely, lewe. Rom. 10:9 en 10*

Die dag toe ons met ons mond bely het, en met ons hart geglo het dat Yeshua die Messias is wat gekruisig was en uit die dood opgestaan het, het ons vrywillig 'n belofte gemaak om in alles aan YHVH gehoorsaam te wees soos in Yeshua volbring is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word. Ons elkeen het dit gedoen in die teenwoordigheid van die hoogste gesag wat as getuie teenwoordig was.

Met wedergeboorte ontvang ons die gesag wat Yeshua aan Sy studentevolginge (dissipels) gegee het toe Hy aan hulle gesê het:

*18"Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. 19Gaan daarvolgens, maak studentevolginge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering 20en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar."* Matt. 28:18 tot 20.

Met wedergeboorte word ons aangestel as dissipels en met hierdie aanstelling ontvang ons ook die opdrag en die gesag wat Yeshua aan elkeen van Sy dissipels gee. Dit is deel van die

gelofte en eedswering wat ons elkeen afgelê het, naamlik dat ons voortaan sal lewe soos Yeshua gelewe het:

*<sup>3</sup>Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. <sup>4</sup>Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, <sup>5</sup>maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: <sup>6</sup>hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Het Jefta sy dogter as brandoffer aan YHVH geoffer? Is 'n menslike brandoffer (*olah* – Lev. 1:1 tot 17) vir YHVH aanvaarbaar of is dit 'n gruwel (Lev. 18:21)? Is die antwoord volgens Rigters 11:37 tot 40 dat sy nooit getrou het nie en dat Jefta se nageslag by sy dogter geëindig het? Is dit die offer wat Jefta gebring het?
2. Elkeen is verantwoordelik om oor sy eie lewe en omstandighede te heers! Is dit moontlik? Hoe kan ons dit doen? Is deel van die antwoord in Joh. 14:23 en Jak. 4:7. Heers ons deur ons woorde?

ELKE WOORD wat gesprek word deur die Almagtige of deur 'n mens wat na Sy beeld geskape is, is 'n saad. Die oomblik wat 'n woord gesprek word is dit 'n saad wat gesaai word. Sodra 'n woord gesaai (gespreek) word dan sterf dit – dis klaar uit die mond en in die land (grond) van die wêreld geplant. Dit sterf dan en sal veel vrug dra. Dit is ook die rede waarom 'n woord wat reeds gesprek is nie teruggetrek kan word nie. Dit is onmoontlik om koring wat alreeds in 'n land gesaai is weer bymekaar te maak. Elke gesaaide woordsaad sal uiteindelik vrugte voortbring. Hierdie vrugte sal of goeie of slegte vrugte wees afhangende of dit goeie of slegte woorde was wat uit die mond gekom het (Johann Möller).

Het ons nie almal genesing van die tong nodig nie, want hoe dikwels is ons woorde saad wat die vrugte van dood voortbring? Ons kies lewe of dood deur die woorde van ons mond! Lees Jak. 3:1 tot 12 – beheersing van die tong.

3. Wat van die weduwee wat geloftes en eedsweringe maak (Num. 30:9). Sy staan onder geen gesag van 'n man nie. Is YHVH haar 'man' en 'vader' en moet sy op die Afgesonderde Gees vertrou om haar te herinner aan onverskillige geloftes en eedsweringe sodat sy direk by die Vader om vergifnis kan vra?
4. Wat van die geloftes en eedswering van ons ouers en grootouers wat nie nagekom was nie? Kan dit bindinge op ons eie lewe wees? Moet ons by die Vader om vergifnis vra hulle dade? Moet ons op die Afgesonderde Gees vertrou om ons te herinner aan onverskillige geloftes en eedsweringe van ons voorgeslagte?

### **Gebreekte Reënbakke Wat Geen Water Hou Nie.**

Die laaste woorde in die boek van Numeri lees soos volg:

*Hierdie is die opdragte en die wette wat יהוה die seuns van Yisra'el beveel het deur die hand van Moshe, in die vlaktes van Mo'av by die Yarden oorkant Yerigo. Num. 36:13.*

Moses het Israel in YHVH se Torah onderrig sodat wanneer hulle Kanaän in besit neem, hulle alles moet toepas wat Moses hulle geleer het.

Dit het Israel een reistog vanaf Raämses na Sukkot geneem om uit Egipte te kom. Die ander 41 reistogte was die pad na Kanaän waartydens Moses vir Israel onderrig het in Torah en waartydens hulle prakties moes leer alvorens hulle Kanaän in besit kon neem. Die 41 reistogte in die wildernis moet dus gesien word as die proses om Egipte uit Israel te kry en uiteindelik totale vryheid in Kanaän deelagtig te wees. Elke reistog kan gesien word as 'n sinnebeeld van 'n beproewing en 'n bevryding om uiteindelik Kanaän in besit te neem.

Wanneer Israel die land Kanaän binnegaan, sal hulle beproef word of hulle geleer het uit al hulle foute en of hulle die Torah van Moses nougeset en regverdig sal toepas. So word ons ook daaglik getoets of ons YHVH se Torah, soos dit in Yeshua volbring is en in die Skrifte van die nuwe verbond uiteengesit word (die Torah van Messias), nougeset en regverdig in ons alledaagse lewe sal toepas! Daarom het Paulus aan Timotheus hierdie woorde geskryf:

*15*Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig *16*en leë, vrugtelose praatjies vermy, want hulle sal al meer by hulle boosheid byvoeg, hulle wat daarin praat. 2 Tim. 2:15 en 16.

Maar in dieselfde brief herinner Paulus vir Timotheus aan die volgende:

*12*Almal wat kies om in die aanbidding van God, in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een te leef, word vervolgd, *13*maar bese mense en verleiers sal byvoeg by hulle boosheid, soos hulle afdwaal en mislei. *14*Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het *15*en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een. 2 Tim. 3:12 tot 15.

Het Israel gebly by dit wat Moses vir hulle geleer het? Het Israel gebly by dit wat hulle van kindsbeen geleer het, naamlik dat die Skrifte wat die wysheid gee tot saligheid deur vertroue in Messias Yeshua?

Ons weet wat die antwoord hierop is, naamlik dat Israel nie gebly het by dit wat die Skrifte aangaande Die Gesalfde Een leer nie! Nee, Israel het Yeshua verwerp! Dit ten spyte daarvan dat Yeshua vir hulle gesê het:

*45*Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig—Moses op wie julle gehoop het. *46*want as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. Joh. 5:45 en 46.

Daarom is die openingswoorde van hierdie week se Haftorah soos deur die profeet Jesaja gespreek is, op hedendaagse Rabbynse Judaïsme ook van toepassing:

So sê יהוה: “Watter onregverdigheid het julle vaders in My gevind, dat hulle ver van My af weggegaan en agter leegheid aan geloop het en self leeg geword het? Jer. 2:5.

Die lees van hierdie week se Torah en Haftorah is volgens Rabbynse Judaïsme tydens die Drie Weke van Smart (*Three Weeks of Sorrow*), naamlik vanaf die 17e dag van die maand Tammuz<sup>2</sup>, bekend as *Tzom Tammuz* wat by wyse van 'n vas gedenk word, tot die 9e dag van

<sup>2</sup> Hoe kan ons die Christendom kritiseer vir afgodery soos Kersfees en *Easter*, maar ons aanvaar Rabbynse Judaïsme se verering van die afgod Tammuz deur sy naam aan 'n maand te koppel? *Tammuz: The name of a Phoenician deity, the Adonis of the Greeks. He was originally a Sumerian or Babylonian sun-god, called Dumuzu, the husband of Ishtar, who*

die maand Av, bekend as *Tisha B'Av* (wat letterlik *die negende van Av beteken*) en ook 'n vasdag is.

Die Drie Weke van Smart wat op *Tisha B'Av* 'n hoogtepunt bereik, word as 'n herinnering van die hartseerste gebeurtenis op die Joodse kalender beskou, want deur die eeue het verskeie rampe vir Israel gedurende hierdie tydperk getref, waarvan die vernietiging van die eerste en die tweede tempel as die hartseerste beskou word.

Maar die hartseer dat Judaïsme vir Yeshua as Messias tydens Sy eerste koms verwerp het, is veel groter as die hartseer van die vernietiging van die tempel in die jaar 70 na Messias!! Die woorde van Jesaja is ook hier van toepassing toe hy geprofeteer het:

*12O hemele, wees verstom hieroor, sidder en wees bedroef,” verklaar יהוה, 13“want My volk het twee booshede gedoen: hulle het My, die Fontein van lewende water, verlaat om vir hulleself reënbakke uit te kap, gebreekte reënbakke wat geen water kan hou nie. Jer. 2:12 en 13.*

Rabbynse Judaïsme het Yeshua, die Lewende Water verwerp en drink uit gebreekte reënbakke wat geen water kan hou nie en dus geen dors kan les nie. Daarom sê YHVH:

*Jou eie boosheid sal jou reghelp en jou afvalligheid sal jou bestraf; weet dan en sien dat dit boos en bitter is vir jou om יהוה, jou God, te verlaat; My respekvolle vrees is dan nie in jou nie,” verklaar יהוה, God van die leërskaar. Jes. 2:19.*

Ons moet besef dat Rabbynse Judaïsme openbaar die gees van die vals gesalfde een (die Antimessias, naamlik teen Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias! Daarom is dit ook nodig om onself te herinner wat die Apostel Johannes in die verband sê:

*22Wie is die leuenaar anders, as hy wat ontken dat Yeshua Die Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun. 23Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader. 1 Joh. 2:22 en 23.*

Rabbynse Judaïsme het hulle eie geregtigheid opgerig en ken nie die geregtigheid van God nie. Dit was in die tyd van Paulus die geval en is steeds vandag so. Soos Paulus kan ons, en behoort ons, ook te sê:

*1Broeders, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding, 2want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis, 3want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie, 4want Die Gesalfde Een is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Rom. 10:1 tot 4.*

Daar sal egter 'n dag kom wanneer Rabbynse Judaïsme se geestelike blindheid genees sal word en hulle sal besef dat hulle vir meer as twee duisend jaar mislei was. Maar eers moet hulle die derde tempel bou en dan sal hulle hul misleiding besef wanneer die Antimessias in die tempel van God as god sal sit en voorgee dat hy god is (2 Thess. 2:3 tot 5).

---

*corresponds to Aphrodite of the Greeks. This custom of weeping for Tammuz is referred to in the Bible in the only passage where the name occurs (Eze. 8:14). Considering the disgraceful and licentious rites with which the cult was celebrated, it is no wonder that Ezekiel should have taken the vision of the women weeping for Tammuz in the temple as one of the greatest abominations that could defile the Holy House.*

So sal die dag kom wanneer Rabbynse Judaïsme die knie sal buig voor Die Gesalfde Een van YHVH wat deur hulle voorgeslagte verwerp was. Dan sal hulle die ware Karakter en Outoriteit van Yeshua ken:

*5Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is, 6Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie, 7maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het in die vorm van 'n mens en gevind is in die gedaante van 'n man: 8Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word. 9God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig<sup>1</sup> en aan Hom die Karakter en Outoriteit (Naam) gegee wat bo elke karakter en outoriteit (naam) is 10sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outoriteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is 11en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, Die Meester is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader. Fil. 2:5 tot 11.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Terwyl Rabbynse Judaïsme tydens die Drie Weke van Smart tot die 9 van Av rou oor die tempel wat vernietig is en met verlange uitsien dat die derde tempel binnekort gebou word, moet ons rou oor die se blindheid van Rabbynse Judaïsme en hulle volgelinge. Ons moet voorbidding doen dat ons broers van die huis van Juda se oë sal oopgaan voor YHVH se genadetyd verby is!
2. Min besef die volgende:
  - Die Derde Tempel gaan gebou word deur Rabbynse Judaïsme wat Yeshua as Messias verwerp en
  - wat waarskynlik internasionale ondersteuning sal kry van lande, organisasies, Christene en groepe waarvan die meeste Yeshua en YHVH se Torah verwerp.
  - Hierdie is die gees van die Antimessias, en talle mense gaan mislei word!!
3. Die Levitiese priesterorde wat Rabbynse Judaïsme aanstel, insluitende die hoëpriester, om diens te doen in die derde tempel, verwerp Yeshua! Gaan jy onder hierdie priesterorde dien of onder ons Ewige Hoofpriester Yeshua volgens die orde van Melgisédék?

-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*